LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 26
24 Augustus 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018
Regverdig

Ons het die week ons regverdigheid pilaar afgesluit met ‘n finale episode van ‘reg of weg’. Op Donderdag, 23 Augustus het Mevrou Sarie Whitlock van die Beskermede Werkplek met die leerders gesels oor die belangrike werk wat hulle in ons gemeenskap verrig. Daarmee saam het ons ook ons nuwe pilaar van burgerskap bekend gestel. Vra julle kinders gerus meer hieroor uit.

Daar is steeds oranje sleutelhouers te koop teen R 5 by Mevrou van Heerden. Daar sal vanaf Maandag, 27 Augustus reeds nuwe pers burgerskap sleutelhouers beskikbaar wees. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. Ons gaan aan die einde van die jaar kyk wie al 6 versamel het en dalk verras ons hulle met iets spesiaals!

Waarvoor staan die pilaar van regverdigheid?

‘n Regverdige persoon:

1. Maak beurte en **deel.**
2. Behandel almal **regverdig**.
3. Trek niemand **voor** nie.
4. **Bevoordeel** nie hulself nie.
5. Is **onpartydig**.
6. Is **onbevooroordeeld**.

Kom ons bou saam aan ‘n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

EPOS
Daar is ‘n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal derugegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

WOW-Spelfees

Dinsdag, 21 Augustus 2018, het 24 van ons leerlinge aan die WOW-Spelfees se Distrikskompetisie by Spandau Hoërskool deelgeneem. Die volgende leerlinge gaan deur na die volgende rondte wat op 1 September 2018 in PE plaasvind:

Graad 1
Logan Marais (6de plek)
Lenay Goltz (1ste plek)

Graad 2
Hestrie Pearson (6de plek)

Graad 3
Carlien Oosthuizen (2de plek)
Wian Lotter (1ste plek)

Graad 4
Mienke Janse van Vuuren (7de plek)
Zenobia Homveld (1ste plek)

Graad 6
Adriaan Blignaut (3de plek)
Bianca Fitzgerald (2de plek)

Graad 7
Carli Kritzinger (3de plek)
Zenke Enslin (1ste plek)

GRAAD 7 TOELATING TOT HOëR VOLKSKOOL

Alle 2019 inskrywings vir Graad 8 **MOET** asseblief teen volgende Vrydag, 31 Augustus 2018 by HVS ingehandig wees.

SPORT

BURGERSDORP SPORT TOERNOOI

Die o.8 Hokkiedogters neem die naweek aan die Sporttoernooi te Burgersdorp deel waar hullle 3 wedstryde speel. Ons wens hulle sterkte toe. Ons weet dat hulle Laer Volkskool se naam hoog sal hou. Baie dankie aan tannie Liezel Luiters en juf Aletta du Toit wat die dogters vergesel. Baie dankie ook aan elke ouer wat saam gaan om die dogters te ondesteun.

Wedstryde as volg:

10:30 LVS vs CDK
12:00 LVS vs BLS
13:00 LVS vs LSAN

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Sit jou hand in God se hand
en volg waar Hy jou lei;
hy weet wat vir jou goed is –
by Hom sal jy krag en liefde kry.

Psalm 76:9-10

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910806



Kom vier LVS kultuur!

Kom geniet 'n ligte ete en

hope talent by

ons LVS kultuuraand.

Datum: 3 September

Waar: LVS Skoolsaal

Tyd: 18:00

Koste: R 50 pp en Skoliere @ R10 (sluit klein kospakkie in)

Spasie is beperk so koop jou kaartjie vanaf Woensdag

22 Augustus 2018 by

LVS kantoor.

Kom vier 'n 2018 van kleurvolle kultuur!